

HOOFSTUK XI.

D I E L A E R O N D E R W Y S .<sup>1</sup>

1. WETLIKE BEPALINGE.

Hoewel daar oor die beginjare van die onderwys in Transvaal min oorspronklike gegewens bestaan, kan bepaalde gegewens soos die eise wat die praktiese lewe aan die onderwys gestel het en die minimum verstandelike ontwikkeling wat die Voortrekkerboere vir hul kinders verlang het, tog in 'n mate van sekerheid opgespoor word. Die taak van die eerste drie skoolmeesters, wat hul werk in 1852 begin het, is in 1860 deur politieke tweedrag versteur. In 1864 het sake egter weer vlot verloop.

Die Burgersonderwyswet<sup>2</sup> het die laeronderwys in twintig artikels bepaal: Eers is die onderwys in laer en hoër en daarna weer in gewone en meer uitgebreide onderwys verdeel. Die gewone laeronderwys het uit die onderrig in lees, skryf, reken, die beginsels van vormleer, Hollands, geskiedenis, aardrykskunde en sang bestaan. Vir die meer uitgebreide onderwys is natuurkennis, lewende tale waaronder Engels die belangrikste was, wiskunde, landboukunde, liggaams oefeninge, tekene, handwerk vir meisies en musiek ook ingesluit.

Die Lyle-verslag<sup>3</sup> oor onderwystoestande in 1879 het die belangrikheid van godsdiensonderwys, ekonomie en laeronderwys beklemtoon. Die regering moes volgens hierdie verslag veral in die distrikte laerskole stig, omdat die behoefte daar die grootste was.

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1 tot 84.

2. Wet No. 4 van 1874, artikels 1 tot 20.

3. Gepubliseer in Transvaalse Goewermentskoerant, 7 Januarie 1879.

Du Toit se onderwyswet<sup>4</sup> het hoofsaaklik die belangrikheid van laeronderwys beklemtoon. Dit het beter as die Burgerswet in die behoeftes van die tyd voorsien. Du Toit se wet het aan die stad en die platteland gelyke geleenthede gebied, sodat daar toe oral op die platteland skole tot stand gekom het.

Superintendent Mansvelt, wat ds. du Toit in 1891 opgevolg het, het voortgebou op die algemene beginsels wat deur du Toit neergelê is. Dit was sy besondere taak om die onderwys op 'n stelselmatige wyse te organiseer, te administreer, te kontroleer en te finansieer. Hiervoor is Wet No. 8 van 1892<sup>5</sup> op die wetboek geplaas en is die laeronderwys opnuut gereël en van staatsweë gesubsidieer.

Onder die Kroonkolonie Bestuur<sup>6</sup> was die onderwys elementêr en feitlik van dieselfde gehalte as die in die kampe en dit het gewoonweg nie verder as die derde standerd gegaan nie. Volgens die verslae van die inspekteurs wil dit voorkom of die meerderheid kinders in Mei 1902 op die platteland in die substanderds en standerds I en II was.

Die Sargantordonnansie<sup>7</sup> het voorsiening gemaak vir gratis laeronderwys aan Europese kinders vanaf hul vierde lewensjaar en die leervakke het uit die volgende bestaan:

- (a) Kleinkinderskole: Bybelse geskiedenis, Engels lees en skryf, Hollands lees en skryf, rekene, aanskouingslesse, kindertuinwerk, naaldwerk, tekene, sang en liggaamsoefening.

---

4. Wet No. 1 van 1882 gepubliseer in die Staatskoerant van 18 Mei 1882.

5. Gepubliseer in Staatskoerant 1 Junie 1892.

6. 1900 tot 1906.

7. No. 7 van 1903. Oorgedruk in T.O.D. Jaarverslag 1906, 149.

- (b) Vir die hoërafdelings: Bybelse geskiedenis, Engels en Hollands (lees, voordrag, skryf, opstelskrywe en grammatika), rekene, tekene, naaldwerk, natuurkennis, aardrykskunde, geskiedenis, sang en liggaamsoefening.
- (c) Vir die elementêre kursus kon ook drie van die volgende leervakke ingesluit word: handewerk, tuinbou, huishouding, elementêre natuurwetenskap, algebra en meetkunde en 'n moderne taal.

Die kinders is jaarliks hoofdelik ondersoek en sertifikate van bekwaamheid is uitgereik. Volledige leergange is aangebied.

Kragtens die Smutswet<sup>8</sup> is daar voorsiening gemaak vir die oprigting en onderhoud van laerskole, ondersteunde plaasskole, gratis laeronderwys, verpligte laeronderwys vir alle kinders tussen 7 en 14 jaar en strafbepalinge in verband met die verontagsaming van ouers van die eise van verpligte onderwys.

Volgens Adamson moes die laerskool sig hoofsaaklik by voorbereidende werk bepaal.

"It is certain that in this Province the primary school must be preparatory to the secondary school."<sup>9</sup>

Dikwels begaan opvoedkundiges, eksaminatore en inspekteurs die fout om 'n soort van ontydige afronding en rypheid in hierdie stadium na te streef.

"I think the idea of primary education as a satisfactory outfit, whether you look at the problem from the point of view of economic efficiency, or moral efficiency, or intellectual efficiency, or social efficiency, primary education is not good enough in these days."<sup>10</sup>

---

8. Wet No. 25 van 1907. Herdruk in T.O.D. Jaarverslag 1907, 123 tot 158.

9. Adamson: Regulations Governing Primary Schools for White Children, 6.

10. Verslag van die Onderwyskommissie (1920), 11.

Hierdie standpunt het ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die gemeenskap op te voed vir die noodsaaklikheid van na-primêre onderwys. As Adamson die saak nie so sterk en herhaaldelik beklemtoon het nie, sou die meerderheid mense in Transvaal moontlik nog lank met slegs laeronderwys tevrede gewees het.

"It becomes clearer every year that the old limits of schooling for the ordinary citizen must be removed, that primary education being largely preparatory - largely a breaking up of the ground and planting of the seed - is enough for nobody, either as individual or as citizen, and that organized schooling must cover, at any rate, the years of early adolescence as well."<sup>11</sup>

## 2. TOESTANDE OP DIE PLATTELAND.

Adamson se voorgangers het mekaar vinnig opgevolg en aan hom 'n deurmekaar huis en 'n onontwikkelde onderwysstelsel nagelaat. Hierdie erfstuk waarvan hy nie die ontwerper was nie, het hom dadelik in die maalstroom van onderwysvraagstukke laat beland. Daarbenevens was die verowerde gemeenskap nie slegs met die staatsonderwys ontevrede nie, maar hulle het hul eie Christelik Nasionale Onderwyskole in die lewe geroep. In die verband het die Koloniale Sekretaris hom soos volg uitgelaat:

"But to maintain from public funds a Government system of primary education and also a rival system differing in its code of instruction and in its principles of management from the State schools, and owing its separate existence to political dissension, will be to perpetuate disunion and to cripple educational efficiency from the beginning."<sup>12</sup>

---

11. T.O.D. Jaarverslag 1920, 11.

12. P. Duncan: T.O.D. Jaarverslag 1906, 6.

Nieteenstaande hierdie kritiek het Adamson met die voorsiening van die laerskole en die diensvoorwaardes van onderwysers(esse) voortgegaan. Die 381 laerskole van Junie 1905 het tot 417 in Junie 1906 aangegroei<sup>13</sup> terwyl die aantal laerskoolleerlinge in 1906 op 30,641 gestaan het. In 1923 aan die einde van sy ampstermyn was daar 1,128 laerskole<sup>14</sup> en 115,290 laerskoolleerlinge! Dit wil sê driekeer meer skole en byna vierkeer meer leerlinge.

Op die platteland het die vermenigvuldiging van klein skooltjies die stelsel van gratis laeronderwys te duur gemaak en die voortdurende groepering van leerlinge van verskillende klasse in een groep het die gehalte van die onderwys benadeel.

Toe Adamson die onderwys van Transvaal oorge neem het, het hy tereg opgemerk:

"..... the system is still in its childhood, if not in its infancy."<sup>15</sup>

Daarom was die stelsel toentertyd nog onontwikkeld en ongeorganiseerd.

In 1907 het hy hom byvoorbeeld nog soos volgor gereelde skoolbesoek uitgelaat:

"..... each child is absent one hour every day, one day every week, and more than eight weeks of every working school year."<sup>16</sup>

Dit het nie alleen 'n opvoedkundige nie maar ook 'n geldelike verlies meegebring.

"There is no need to doubt that this weakness can be removed. The local bodies must get to work; first by persuasion, if need be

---

13. (1) Dorp en stadskole: 109. Distrikskole: 272.  
(ii) Dorp en stadskole: 117. Distrikskole: 300.  
14. Dorp en stadskole: 215. Distrikskole: 913.  
15. T.O.D. Jaarverslag 1907, 13.  
16. Ibid 1907, 13.

by compulsion . . . . . And before the Department there is the long steady effort to improve the quality of the country schools."<sup>17</sup>

Die oorsaak van die swak gehalte van die onderwys op die platteland was volgens hom die bestaan van eenmanskooltjies.

"There is no doubt whatever that this is the weak spot in the system;"<sup>18</sup>

Skoolrade is dus versoek om 'n verdere ontstaan van hierdie skooltjies nie toe te laat nie. Daar moes na skole met minstens 40 tot 80 leerlinge gestreef word en sterk pogings moes aangewend word om goed opgeleide leerkragte op die platteland in diens te neem. In 1908 was hy aangenaam verras dat daar nie baie aansoeke om die stigting van ondersteunde privaatskole kragtens seksie 17 van die Onderwyswet was nie en dat die skoolraadskonferensie van daardie jaar die beginsel van sentralisasie aanvaar het.

Die staat kon die euwel van klein skooltjies nie uitroei voordat ruimskoote voorsiening gemaak is vir vervoer- en losiesbeurse nie. Hy het gemeen dat daar in elke distrik ten minste een sentrale skool moes wees wat as voorbeeld kon dien, want hoe meer eenmanskooltjies gestig is, hoe moeiliker sou dit wees om hulle later weer te sluit. In 1908 was daar van die 466 plattelandse skole een vierman-, 8 drieman-, 180 tweeman- en 277 eenmanskole.

Gaandeweg is die verpligtingsklousule van die Onderwyswet van 1907 strenger toegepas. In 1909 was van 'n vermeerdering van 3,000 leerlinge 2,500 op die platteland om die totale aantal leerlinge van daardie

---

17. T.O.D. Jaarverslag 1907, 14.

18. Ibid 1908, 5.

jaar op 47,488 te staan te bring. Dit was egter 'n minder verblydende teken dat 70 van die skole nog eenmanskole was, terwyl die ondersteunde plaasskole van 7 tot 19 aangewas het. As hierdie laaste syfer egter met die 716 skole van destyds vergelyk word, is dit duidelik dat die ondersteunde skole reeds beswaarlik as 'n deel van die onderwysstelsel beskou kon word.

Die gebrek aan geskikte leerplanne vir die plattelandse onderwys is in 1909 deur die inwerkingtreding van die nuwe leergange uit die weg geruim. Die gehalte en omvang van hierdie leerplanne het 'n norm vir die toekoms gestel.

"The minimum that any future citizen should know and should be, is represented by the existing curriculum."<sup>19</sup>

Die nuwe leerplanne het bepaald veel daartoe bygedra om die werk van die laerskole te standaardiseer, hoewel daar nog heelwat leemtes was.

"..... if the great country school problem is to be satisfactorily solved, the first is to centralize, then to improve the professional status of the teaching staff, and thirdly, to maintain a reasonable attitude in respect to language teaching."<sup>20</sup>

Vanaf 1910 het toestande egter ten gevolge van die sentralisasie van die kleinere skooltjies heelwat verbeter.

"..... the small and necessarily inefficient single-teacher schools are diminishing, ..... while the central schools show a striking increase."<sup>21</sup>

Die sentralisasie van skole is so deeglik deur die skoolrade aangepak dat dit in 1911 reeds £17,000 geveerg het om daaglik sowat 3,000 leerlinge na en van die skole te

---

19. T.O.D. Jaarverslag 1909, 30.

20. Ibid 1909, 32.

21. Ibid 1910, 3.

vervoer. In die praktyk het dit daarop neergekom dat meer as 'n kwart van die plattelandse leerlinge meer as drie myl van 'n skool gewoon het en vervoer moes word. Die skoolbesoek het daardeur baie verbeter, sodat die buiteskole 'n tweede plek met 87 persent ingeneem het. Hierdie beleid het die aantal klein skooltjies stadig dog gereeld in aantal laat afneem, sodat daar van die buiteskole in 1912 slegs 199 eenmanskole was. Hierteenoor het die aantal groter skole 'n toename getoon. In 1912 was die toestand soos volg:

Skole met 'n inskrywing van:	Skole.		Persentasie vermeerdering.
	1911	1912	
36 tot 40 leerlinge.	75	90	20
41 tot 70 leerlinge.	146	163	12.5
70 tot 100 leerlinge.	37	47	27

Adamson het hierdie vooruitgang hoofsaaklik aan die ywer van die skoolrade toegeskryf wat in weerwil van plaaslike kritiek voet by stuk gehou het om die sentralisasie van skole deur te voer.

"Thus there has been marked and continued development of the work of concentrating educational facilities in the country districts at fewer centres."<sup>22</sup>

Die oorplasing van die hoërstanderds van die plattelandse skole na die Provinsiale dorpskole het heeltemal bevredigend en geslaagd geskied. In baie gevalle is die koshuise nie in die dorpe opgerig nie, maar wel by plattelandse sentrale skole.

"Each method serves a useful purpose."<sup>23</sup>

Om die oorplasing van leerlinge tot 'n minimum te beperk was hy ten gunste van die vasstelling van

22. T.O.D. Jaarverslag 1912, 4.

23. Ibid 1912, 72.



skoolgrense soos trouens deur Wet No. 3 van 1909 bepaal is, omdat sodanige oorplasinge die onderwys nadelig beïnvloed het. Die gedurige oorplasing van die onderwyspersoneel op die platteland was bepaald ook nie in belang van die onderwys nie en daarom het hy leerkragte tot minstens een jaar diens aan 'n betrokke skool verplig.

Deur die aandag wat hy op verskeie maniere aan die buiteskole geskenk het, kon hy na nege jaar intensiewe werk van bevredigende vooruitgang melding maak.

"Every year an ever-increasing number of children are being brought within the influence of organized education, and though there are doubtless many weak points in the system, the boundaries of mere ignorance are unquestionably being pushed further and further back."<sup>24</sup>

In 1916 was daar 31,309 en 30,468 laerskoolleerlinge in die plattelandse en die stedelike gebiede onderskeidelik. Hierdie syfers toon 'n gemiddelde groei van 5,000 leerlinge per jaar vir die afgelope 9½ jaar.<sup>25</sup>

"The country-school average, practically 50, omitting aided schools, is, I think, wonderfully encouraging."<sup>26</sup>

Terselfdertyd het die skoolbesoek ook verbeter. In 1917 was die persentasie-skoolbesoek van die onderskeie gebiede soos volg en Adamson het die skoolbesoekbeamptes lof toegeswaai vir hulle voortreflike dienste.

Provinsiale dorpe:	91.9 persent.
Johannesburg en Rand:	91.5 persent.
Pretoria:	90.7 persent.
Platteland (distrikskole):	88.7 persent.

Daar is beraam dat slegs 4 persent van die leerlinge van

---

24. T.O.D. Jaarverslag 1915, 4.

25. Sedert Verantwoordelike Regering vanaf 1907.

26. T.O.D. Jaarverslag 1917, 6.

skoolgaande ouderdom nie op skool was nie en eenderde hiervan het in die dunbevolkte distrikte gewoon.<sup>27</sup>

In 1920 het die aanbevelings van die Malherbekommissie daartoe bygedra om die aantal kleiner skole te verminder en Adamson het skoolrade opgedra<sup>28</sup> om sentralisasie ook ten opsigte van die hoërklasse in skole toe te pas.

"At the primary stage, Standard VI will only be retained where there are not less than three teachers, and Standard V where there are not less than two."<sup>29</sup>

### 3. TOESTANDE OP DIE DORPE EN IN DIE STEDE.

Ook op die dorpe en in die stede is die vooruitgang van die laeronderwys gestrem deur 'n voortdurende tekort aan onderwysgeriewe:

"Take facilities first, the word being understood to cover buildings, equipment of all sorts, bursaries, everything in fact which brings children to the point where education can begin or go on."<sup>30</sup>

Die belangrikste gebreke was ongetwyfeld geboue, leerkragte en toerusting. Nieteenstaande hierdie tekortkominge is die toestande in die dorpe en stede deur beide die inspekteurs en die direkteur gunstiger as op die platteland aangetref:

"As regards the town schools I have every reason to think that their educational condition is good ....."<sup>31</sup>

Hierdie toestand moes aan beter onderwysgeriewe toegeskryf word. Die skole was groot genoeg vir 'n

---

27. 4% = 3,958 leerlinge. T.O.D. Jaarverslag 1918, 6.

28. Omsendbrief No. 1 van 1921.

29. T.O.D. Jaarverslag 1920, 25.

30. Ibid 1917, 76.

31. Ibid 1908, 25.

behoorlike klassifikasie van leerlinge volgens ouderdom en standerd. Kennis van die twee amptelike tale was op die dorpe bepaald op 'n hoër peil as op die platteland. Die oorplasing van die hoërklasse van die kleiner na die groter dorpskole moes egter die aandag van die skoolrade geniet, aangesien die aantal leerlinge in die hoërstanderds aan die kleiner skole dikwels so gering was dat hul liefs na groter dorpskole oorgeplaas moes word. Dit het egter die vraagstuk van laerskoolkoshuise en/of vervoerbeurse op die voorgrond gebring.

'n Ander aangeleentheid wat laeronderwys in die dorpe en stede nadelig beïnvloed het was die oorplasing van leerlinge. Inspekteur Thompson het bereken dat slegs 56 persent van die leerlinge op Randse laerskole 'n volle jaar in een skool deurgebring het,<sup>32</sup> terwyl toestande in Pretoria nog swakker was.

Hierdie vraagstuk was een van ekonomie en administrasie. Indien ouers weens hul werk moes verskuif kon die Onderwysdepartement daar niks aan gedoen het nie. As die oorplasing ten gevolge van wispelturigheid geskied het, is skoolrade versoek om skoolgebiede kragtens Wet No. 3 van 1909 vas te pen.

"Whatever steps are possible should be taken to diminish transfers, which adversely affect the efficiency of the education given perhaps to a greater extent than anything else."<sup>33</sup>

In 1918 was die aantal leerlinge op laerskole reeds meer as 100,000 terwyl daar 28 dorp- en stadskole was met 'n inskrywing van meer as 500 leerlinge. Die verhouding van die aantal leerlinge op laerskool in die dorpe en op die platteland was 8:5.5 of 56,125 teenoor

---

32. T.O.D. Jaarverslag 1913, 15.

33. Ibid 1913, 16.

37,345 leerlinge. Hoewel Adamson bly was dat die dorpskole se gemiddelde inskrywing tussen 100 en 500 gelê het, was hy bekommerd oor laerskole met 'n groter inskrywing as 500 leerlinge.

"A limit of 500 children should not be exceeded."<sup>34</sup>

Aan die einde van sy ampstermyn het hy gesê dat met die verskaffing van nuwe geboue te veel gesloer is en dat skoolsale nie die verdiende aandag geniet het nie. As hierdie tekortkominge egter oor die hoof gesien word, het hy gemeen dat die Provinsiale Administrasie tevrede kon wees met die verskaffing van geboue vir laeronderwys in die groter dorpe en stede. In die kleiner dorpies is daar egter nog te veel van ondoeltreffende en gehuurde geboue gebruik gemaak.

Die organisasie van die dorpskole het oor die algemeen min te wense oorgelaat.

Adamson het reeds in 1916 aan die hand gedoen dat leerlinge van laer- na middelbare skole oorgeplaas moes word na voltooiing van standerd V<sup>35</sup> en dat hierdie afsluiting van die laerskool nie met uitvoerige Departementele eksamens bemoeilik moes word nie.

"On the whole it is a justifiable deduction from inspectors' reports that there is a steady movement in the direction of progress in the primary school ...."<sup>36</sup>

Volgens onderstaande grafieke het die inskrywing met sowat vierkeer, die skoolbesoek met sewekeer en die beurstoekennings met elfkeer gedurende sy ampstermyn aangewas:

---


34. T.O.D. Jaarverslag 1918, 4.

35. Ibid 1916, 14.

36. Ibid 1923, 56.


Skoolbesoek.

Skaal: 1 blokkie stel voor 3 jaar.  
1 blokkie stel voor 1 persent.



Beurse.


Skaal: 1 blokkie stel voor 3 jaar.  
1 blokkie stel voor £10,000.



Inskrywing van leerlinge.

Skaal: 1 blokkie stel voor 3 jaar.  
1 blokkie stel voor 10,000 leerlinge.

Leerlinge:



4. DIE EKSAMENSTEISEL.

Aanvanklik was die senutergende eksamen en die kennis van die kind deurslaggewend by sy bevordering. Omstandighede soos ouderdom en vertraagde toelatings tot 'n skool weens afstand en swak gesondheid is nie in aanmerking geneem nie.

As die jaarverslae van die inspekteurs van onderwys nagegaan word, val dit op dat daar gereeld oor aangeleenthede soos Engels lees, Hollands, rekene, natuurkennis, geskiedenis, aardrykskunde, kindergarten-oefeninge, tekene, handskrif, naaldwerk, sang, liggaams-oefeninge, handearbeid en kookkuns verslag uitgebring is.

Die omvang van hierdie werk was geweldig groot, veral as in ag geneem word dat 'n hele jaar se werk in die loop van die een inspeksie getoets moes word. Die

gevolg hiervan was dat kennisversameling die primêre en opvoeding die sekondêre funksie van die onderwys geword het.

Vir die ontwikkeling van die eksamenstelsel is daar in die Smutswet voorsiening gemaak.<sup>37</sup> Hiervolgens is die toets van alle Provinsiale onderwys in Transvaal onder die beheer en kontrole van die Onderwysdepartement geplaas.

Dis weliswaar noodsaaklik dat enige onderwysstelsel voorsiening moet maak vir die meet en toets van die gedane werk en dat hierdie voorsiening wetlik omskryf moet word.

Oor die wyse van toetsing en meting bestaan egter baie uiteenlopende menings.

Adamson het jaarliks verslag uitgebring oor die verskillende eksamens wat onder beheer van die Onderwysdepartement gestaan het. Hierdie verslae gee ons 'n goeie insig in sy persoonlike opvattinge oor die saak.

"Examinations have always been a burning topic. It is clear, on the one hand, that the progress of pupils must be tested in their own, their parents', and the public interest. Moreover, examination-craft is, in some respects at any rate, a vocation-craft. On the other hand, examinations are means, not ends. If they begin to dominate the activity of a school, they may arrest rather than stimulate the development of power and personality. The middle way is the right way in this matter. One general principle may be fearlessly asserted. The more real the participation of the teaching staff in all tests, theoretical or practical, written or oral, becomes, the more effectively will they promote the true ends of education."<sup>38</sup>

---

37. Handboek van Onderwyswetten .... Hoofstuk 1, artikel 5(d), 7.

38. T.O.D. Jaarverslag 1917, 79.

Derhalwe was sy opdrag duidelik:

"We do not want the schools of the Transvaal to become preparatory schools for examinations. Let that be understood in the clearest possible way."<sup>39</sup>

Die belangrikste oogmerk van die onderwys bly tog algemene netheid en heldere en duidelike uitdrukkingsvermoë, want per slot van rekening is die aflê van 'n eksamen van baie minder belang as die kennis, metodes en vermoë van die kandidaat. Hy besluit dus:

"What we do want is the power to make a statement of the facts the pupil knows in a clear and orderly way."<sup>40</sup>

want:

"..... it is always well to remember that we are more frequently judged by our faults, by the things left undone, than by the balance of good work which lies to our credit."<sup>41</sup>

##### 5. VERHOUDING TUSSEN LAER- EN MIDDELBARE ONDERWYS.

"For education is a life-long process, as Plato long ago pointed out and any division into segments of what is essentially a whole must necessarily be ..... dependent upon considerations which are but partly educational."<sup>42</sup>

By enige behandeling van die verhoudingsvraagstuk moet hierdie waarheid nie uit die oog verloor word nie. Die laer- en middelbare skoolkursusse is dikwels deur ekonomiese en sosiale oorwegings beïnvloed, terwyl die aard van en die vraag na arbeid die inhoud van die onderwys wou bepaal, in plaas daarvan dat die opvoedkundige beginsels van opeenvolging en aaneenlopendheid die deurslag gegee het.

---

39. T.O.D. Jaarverslag 1911, 146.

40. Ibid 1911, 148.

41. Ibid 1911, 148.

42. Ibid 1906, 80.



Die skeiding van laer- en middelbare onderwys was nie altoos duidelik en voor die handliggend nie, hoewel algemeen aanvaar is dat middelbare uit laeronderwys moet groei.

"..... the correlation of the primary and the secondary systems must be as complete as possible; they must be two parts of the one public system, dovetailing readily into each other."<sup>43</sup>

Ouers, onderwysers en opvoedkundiges kon nie begryp dat laeronderwys slegs 'n voorbereiding tot middelbare onderwys is nie. Die gevolg was dat resultate gereeld voor vermoë-ontwikkeling geplaas is.

Omdat die staat laer- sowel as middelbare onderwys beheer en die koste van albei dra, kan die oorgang noodwendig op geen ander gronde as die opvoedkundige berus nie.

"In a public system of education it should not be possible for a primary school to extend its work into the secondary sphere if by so doing it enters into rivalry with a public secondary school; nor should a secondary school develop a primary department at public cost."<sup>44</sup>

Daarom kan gratis en skoolgeldheffende laerskole nie langs mekaar in 'n staatstelsel bestaan nie, want middelbare onderwys verskil van laeronderwys hierin dat dit deels ook 'n persoonlike las op die ouer lê, terwyl laeronderwys 'n suiwer openbare of staatsonderneming is. Die vasstelling van hierdie verhouding tussen laer- en middelbare onderwys was 'n saak wat die Onderwysdepartement ten nouste geraak het en die vermoede was dat groter desentralisasie van beheer nadelig kon wees.

---

43. T.O.D. Jaarverslag 1910, 74.

44. Ibid 1906, 82.

Daar moes ook nie te veel waarde aan skoolstanderds as sodanig geheg word nie, want standerds is nie die enigste voorwaarde van vooruitgang nie.

"They are rather the suitable constituents of his mental diet."<sup>45</sup>

Dis van meer belang om op hoogte te wees van die kind se geestesontwikkeling en die aard van die omgewing waarin hy ontwikkel.

Die oorgang van laer- tot middelbare onderwys is egter 'n saak waaroor nog altyd heelwat meningsverskil bestaan het.

"The principal of the secondary school likes to get hold of his pupils as early as possible, while the principal of the primary school is anxious to retain his as long as possible."<sup>46</sup>

En die twee standpunte kan aanleiding gee tot heelwat wrywing en twis, hoewel daar oor die grondbeginsels nie 'n meningsverskil behoort te bestaan nie.

"Every one will admit that there should be no waste of time, no rush, and cram, and no disruption of the curriculum, incidental to the transition from the primary to the secondary school."<sup>47</sup>

Die onoorkomelikheid van die meeste hindernisse was eerder in die toepassing en uitvoering as in die beginsel as sodanig geleë. In Transvaal was dit in die verlede ook nie altoos moontlik om hierin te slaag nie.

"Ease, speed, and economy of transition have been wanting."<sup>48</sup>

Dit was hoofsaaklik omdat laer- en middelbare onderwys nie as twee dele van een geheel beskou is nie. Diegene wat in middelbare onderwys belanggestel het, het die laerskole nie as die voorbereiders vir die middelbare

---

45. T.C.D. Jaarverslag 1912, 41.

46. Ibid 1914, 14.

47. Ibid 1914, 15.

48. Ibid 1914, 15.

werk beskou nie en diegene wat in die laerskole belanggestel het, het die middelbare skole nie as die voortsetters van hul taak beskou nie. Daarom het die laerskole steeds gepoog om baie van hul eie hoërafdelings te behou en uit te bou, terwyl die middelbare skole liefers hul eie voorbereidingswerk wou doen, met die gevolg dat die laer- en middelbare skole geestelik apart van mekaar gestaan het.

## 6. KRITIESE BESKOUING.

"The development of a scheme of public education is a very gradual process, and any attempt to estimate its rate of progression annually can only be carried out in a limited way."<sup>49</sup>

Wanneer die ontwikkeling van die onderwys in sy ampstydperk van 19 jaar beoordeel word, is vooruitgang duidelik merkbaar. Aanvanklik het hy beklemtoon dat die ontwikkeling van die Transvaalse onderwysstelsel te veel gely het ten gevolge van 'n gebrek aan samehang en aaneenskakeling.

"Too much time has been lost<sup>50</sup> in picking up loose threads,...."

Sy sentralisasiebeleid en die invoering van gratis en verpligte laeronderwys was 'n poging om hierdie ideaal te verwesenlik.

'n Duidelike bewys van vooruitgang was die groot aantal leerlinge in die hoërklasse van die laerskole.

In 1919 het hy laeronderwys 'n verdere stoot na vore gegee toe feitlik al die laerskoolvraagstukke op 'n inspekteurskonferensie bespreek is.<sup>51</sup> Die volgende

---

49. T.O.D. Jaarverslag 1921, 25 tot 26.

50. Ibid 1906, 7.

51. Ibid 1919, 201 tot 254.

sake het toe die aandag geniet: Onderwys as aanpassing; administrasie en doeltreffendheid; grondslae van geskiedenisonderrig; rekenonderwys; die skool en die biologiese wetenskappe; onderwys van die tweede taal; die organisasie van buiteskole; die verhouding tussen laer- en middelbare onderwys; Afrikaans aan Engelssprekendes; inspekteurs en hul werk; 'n nuwe leerplan vir aardrykskunde; onderwys op 'n plattelandse dorp; die huis en die skool; sedelike en godsdiensonderrig.

Hierdie besprekinge het die nodige vereistes sowel as die bestaande leemtes in die laeronderwys na vore gebring en die inspekteurs kon daarna opbouende werk verrig. Aan die einde van sy ampstermyn kon hy reeds sê dat die hoeksteen van 'n doeltreffende onderwysstelsel gelê is:

"Summarily it amounts to this, that the primary and secondary system becomes a real unity and the pupils are transferred at the psychological moment when, with the dawn of adolescence, there is a great impulse to move forward to the more serious 'grown-up' work."<sup>52</sup>

Hierdie bevredigende toestand van sake moes in die eerste plek aan die verbetering in die opleiding van leerkragte toegeskryf word. Die verskaffing van geboue en toerusting, die indeling en organisasie van skole, die invoering van doeltreffende leerplanne en eksamens het gesamentlik veel daartoe bygedra om die onderwyspeil in Transvaal te verhoog. Hoewel hy maar min geërf het, het hy tog daarin geslaag om 'n goed georganiseerde laeronderwysstelsel na te laat!

Transvaal het met sy ryke goudbronne mense sowel as sakeondernemings gelok. Die vooruitgang op

ekonomiese gebied het noodwendig nuwe vereistes op die gebied van die onderwys meegebring. Hiervan het Adamson doeltreffend gebruik gemaak om 'n deeglike grondslag vir laerskoolonderwys te lê. Hy het nie alleen vir deeglike toesig gesorg en hom vir die nodige vereistes beywer nie, maar deur die skepping van 'n wysgerige agtergrond het hy 'n persoonlike prestasie behaal.

"On the whole it is a justifiable deduction ..... that there is a steady movement in the direction of progress in the primary school."<sup>53</sup>